**Februarie 2019**

## Wêreldekonomie

VSA se BBP het met 'n beter-as-verwagte 2,6% kwartaal tot kwartaal in die laaste kwartaal van 2018 gegroei, gesteun deur verbruikersbesteding en vaste belegging in tegnologie. VSA se verbruikersvertroue het in Februarie bo verwagting goed herstel, deels vanweë die beëindiging van die VSA se regeringsluiting. Die VSA se behuisingsbedrywigheidaanwysers het in die afgelope maande verder verswak, en die styging in huispryse is voorts getemper. Die amptelike Chinese koopbestuurdersindeks (KBI) vir Februarie het 'n effense daling tot 49,2 vanaf Januarie se 49,5 getoon, dus vir 'n tweede maand onder die 50-vlak, wat groei van inkrimping skei. Voorraad van Opul was in Februarie die laagste in vier jaar volgens 'n Reuters opname. As die topuitvoerder het Saoedi-Arabië en sy bondgenote volgens die groep se aanbodooreenkoms te veel gelewer terwyl Venezolaanse uitset 'n verdere gedwonge afname getoon het. In die VSA is daar tekens dat die olieproduksiebloeityd van die afgelope paar jaar, toe ruolie-produksie van meer as twee miljoen vate 'n dag tot meer as 12 miljoen vate 'n dag gestyg het, kan verlangsaam.

## SA Ekonomie

Statistieke SA berig dat die verbruikersprysindeks (VPI) meer verlangsaam het as wat verwag is, tot 4% in Januarie vanaf 4,5% in Desember. Die produsenteprysindeks (PPI), het tot 4,1% in Januarie vanaf Desember se 5,2% verlangsaam. Dit is die laagste prys sedert Maart 2018. SA het 'n handelstekort van R13,08 miljard in Januarie aangeteken, volgens data van SAID, wat beter was as wat verwag is. Plaaslike nuwevoertuigverkope het vir 'n tweede opeenvolgende maand hierdie jaar 'n afname getoon deur met 6,5% in Februarie te daal, vergeleke met dieselfde maand verlede jaar. Nuwevoertuiguitvoere het in Februarie voortgestu deur met 22,5% te groei. 'n Liter loodvrye petrol sal 74c meer kos en 'n liter diesel 91c tot 93c meer, weens die stygende oliepryse in Februarie. Die seisoenaal aangepaste Absa koopbestuurdersindeks (KBI) het tot 46,2 punte in Februarie vanaf Januarie se 49,9 gedaal. SA se BBP vir 2018 was 0,8% — wat effens hoër is as wat verwag is.

## Tendense en geleenthede

- VSA se BBP-groei sal na verwagting in 2019/2020 verlangsaam.
- Op 'n tendensgrondslag, sal die VSA se verbruikersvertrouevlakke in die volgende paar maande verlangsaam.
- SA se handelsbalans sal na verwagting in 2019 verswak, aangesien uitvoere sukkel terwyl invoere toeneem.

*"An option hides where we don't want it to hide."* ***Nassim N. Taleb***, Author of Antifragile

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**

NOBLE PRIVATE PORTFOLIOS (PTY) LTD
Reg No: 1996/006915/07

Suite 2 | 77 Park Drive | Northcliff | 2195
Tel: +27 (0) 11 476 8548 | Fax: +27 (0) 11 476 8375 | Website: www.noblepp.co.za

Directors: P J de Jongh, P A van Zyl, H W du Preez

*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002 (568)*
*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is a member of StoneHouse Capital*

STONEHOUSE CAPITAL
Partnering the Exceptional